# Waterkruik

JAARGANG 65 NO 17 26 April 2026

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---PretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

## EREDIENS VANDAG

Ds. Lourens du Plessis lei vandag beide eredienste.

*Ons bid u die seën toe op die verkondiging van die Woord.*

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonie

***By die deure:***
**Teologiese Studentekas**
Doel: Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansieël met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.

## DIENSBEURTE

**Sondag 26 April**
**Oggend: Wyke 8 & 9**
*Oudle:* Jantus van der Linden
Sean van der Merwe
*Diakens:* Francois de Kock
Herman van Heerden
Herman Bonnett
Hanno Steenkamp



**Aand: Wyke 10 & 11**
*Oudle:* Alwyn Rossouw
Tommie Venter
*Diakens:* Christiaan Oosthuizen
Riaan Reinecke

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**Sondag:**
**Bybelstudie:** Na die aanderediens vir die naskooljeug (18 – 30)

**Maandag:**
**Katkisasie**
Graad 8: 17:15-18:00
Graad 11:18:00-18:45
Graad 9 &10: 19:15-20:00

**Donderdag:**
09:30 Bybelstudie – Konsistorie

## TEESKINKBEURTE

Die susters van wyke 10 & 14 o.l.v. *Mia Geringer en Marjan van der Walt* nooi u hartlik uit om te kom skink, drink en kuier na die erediens.

## BREË KERKRAARSVERGADERING

Die Breë kerkraad vergader Donderdag 7 Mei 2026 om 19:00 in die saal.

## KATKISASIE

Daar sal agv die lang naweke nie hierdie Sondag of volgende Sondag katkisasie wees nie.

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Die Here my God is my krag en my beskerming; Hy is my redder."*
*Jesaja 12: 2b*

*Sondag 26 April*
Br. Hannes de Beer 072 141 5849
Louis Scheepers 082 800 0508
JP van Staden 064 651 3671

*Woensdag 29 April*
Willemien Lee 084 517 7104
Corli Pretorius 076 838 7190

*Donderdag 30 April*
Phthessa Jansen v Vuuren 082 8796084
Hester van Rooyen

*Vrydag 1 Mei*
Hannes Stronkhorst (12) 083 675 3198

*Saterdag 2 Mei*
Willem Venter (2) 079 511 0197

Hartlike gelukwense aan oom *Hannes de Beer* wat Sondag sy 96ste verjaardag vier. Ons bid u die Here se rykste seën toe op die nuwe lewensjaar. Mag u en *Marié* elke dag God se liefdevolle genade in oorvloed ontvang. Mag u 'n mooi en geseënde dag saam met julle geliefdes hê



*"Wees daarom verstandelik wakker en nugter, en vestig julle hoop volkome op die genade wat julle deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus.*
1 Petrus 1:15

## MEELEWING

*Rina Steenkamp* 084 734 4181 sterk tuis aan nadat sy Dinsdag 'n geslaagde rugoperasie ondergaan het. Ons bid jou volkome beterskap toe. Krag en sterkte ook vir die lang hersteltyd. Ons dink ook aan Hennie 067 274 4088 wat haar so liefdevol versorg.

Hartlik geluk aan *Ettiene van der Merwe* en sy span wat SA verteenwoordig het in die o/18 mans waterpolotoernooi in Australië. Hulle het die toernooi gewen. Goed gedoen!

*Jannie Erasmus* het hierdie week goeie nuus ontvang. Die infeksie was geidentifiseer in hartklep, is feitlik heeltemal opgeklaar.! Hy is nog in hospitaal, maar gaan vir 2 weke na 'n "stepdown". Ons is saam met jou dankbaar Jannie. 082 437 7188

## DANKIE



Aan die Susters, Nienke, Jan-Louis en gesin en 'n ider en elk wat die troosdiens van Braam bygewoon het. Dit is met 'n onmeetbare groot dankbaarheid in ons harte wat ons vir die liefdevolle hulp en gevoelvolle ondersteuning van die genoemdes en gemeentelede dankie sê. Ons woorde skiet ver tekort om ons waardering en dank te beskryf!! Hieroor net 'n baie, baie GROOT DANKIE.

*Dries en Rolene Krüger.*

## ATTESTATE

*Willem Venter* vertrek met attes na GK Welkom. Ons wens jou alles van die beste toe op jou lewenspad.

## HEMELVAARTDIENS

Ons vier op **Donderdagaand, 14 Mei om 19:00** ons Here Jesus Christus se Hemelvaart saam met Alkantrantgemeente in ons kerkgebou. Ds. Jan-Louis Lee sal die erediens lei.

## WYKSUSTER BENODIG

Daar is 'n vakante pos vir 'n wyksuster. As jy graag op so 'n manier diensbaar wil wees in die gemeente, skakel Ronelle Berry 083 630 9989

## PROGRAM VIR MEI

7 Mei: Breë Kerkraadsvergadering
9 Mei: 08:30 Boustene vir reformatoriese ouers: Ons Kerkgebou
10 Mei: Jong Lote Braai
12 Mei: 09:30 Jeug van Gister Gesprek oor "Die dood en daarna". Alkantrant Kerkgebou
14 Mei: 19:00 Hemelvaartdiens
16 Mei: DOPPERSPELE
24 Mei: Voorbereiding
28 Mei: Ouderlingevergadering
31 Mei: Heilige Nagmaal Gemeente-ete

## JEUG VAN GISTER

*Terugskouing van 14 April se by-eenkoms*



Wat 'n aangename en leersame geleentheid was dit nie om na Jasper en Tobia se belewenis te luister nie. Hulle het onlangs na 'n verblyf van ses maande uit die VSA teruggekeer huis toe. Met behulp van 'n kaart en pamflette het hulle beurtlings vertel van die kerk wat hulle tydens hulle verblyf in Kalifornië besoek het. Alhoewel die diens op Sondae lank is, het die lidmate die dienste baie getrou bygewoon. Wat baie verrykend was, is hoe die dominee altyd twee dele uit die Bybel lees en sy tweede deel het altyd oor vergifnis gegaan. Die hele hoofstuk is gelees en al die versies van 'n psalm word gesing. Daar is ook elke Sondag Nagmaal gevier.

Daar was mense uit alle lande teenwoordig, mense wat vir die eerste keer van Jesus gehoor het en nie genoeg van die Evangelie kon kry nie.

Dis 'n voorreg om deel van die Jeug van Gister te wees om op ons oudag na sulke leersame praatjies te kan luister. Dankie Jasper en Tobia vir julle moeite.






## SELFVERSEKERDE KERK, BEKEER JOU TOT GOD

*Openbaring 3:1-6*

Die prediking is suiwer. Die sakramente word bedien volgens God se Woord. Die kerklike tug? Ja, lidmate word vermaan. Elke visitasieverslag sê dat die gemeente die merktekens van die ware kerk vertoon, soos ons dit in die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 29 bely. Die agteruitgang van die gemeente kom van buite af. Dis die invloed van die ANC se politieke beleid en korrupsie wat elke faset van die samelewing stuk vir stuk tot niet maak. Dit alles het ŉ negatiewe invloed op die kerk.

By die gemeente in Sardis het die omgewing die bepalende invloed gehad. Die stad Sardis was gebou op ŉ onklimbare heuwel. Sy inwoners was selfversekerd dat hulle veilig was. Tog was Sardis al twee keer deur ŉ vyand ingeneem. En in 17 nC is die stad gedeeltelik deur ŉ aardbewing verwoes. Die aanvalle en ŉ aardbewing het gekom "soos ŉ dief in die nag". Nie dat die gemeente enige waarskuwing vir hulleself gesien het nie. Solank ons ŉ betaalde gelowige in die predikant het, is ons tevrede. Solank ons die uiterlike vorme "gereformeerd" kan noem, is ons seker van ons saligheid. Julle het die naam dat julle lewe, maar eintlik is julle dood. Die dood is in hulleself! Hulle leef nie meer uit die volheid van die Gees nie. Anders gestel: Hulle leef nie hulle verlossing in Christus nie.



Van die gemeente gaan daar geen lewegewende invloed in die wêreld uit nie. Inteendeel, die besoedeling van die wêreld is die "klere" wat die meeste lidmate se daaglikse lewens kenmerk. Daarom die oproep: Word wakker uit hierdie selfversekering. Bekeer julle dat julle lewenswandel beheers word deur die Gees. Leef anders. Leef as verlostes deur heilig en rein te lewe. Wie rein lewe, sal deur Christus voor sy Vader bely word.

*Ds. CA Jansen (Carel) (Secunda)*

## GESOEK: ADMINISTRATIEWE HULP

*Die Bedieningskommissie is op soek na 'n vrywilliger wat van tyd tot tyd kan instaan met administratiewe werk in die kerkkantoor. As u bereid is om te help, rekenaarvaardig is en 'n eie rekenaar het met Ms Office, kontak asb vir Nienke van der Walt. 083 398 9080*

## SNIPPERS






## FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

**SKRIBA**
Tommie Venter
083 653 4339

**PASTORALE HULPWERKER SENIORS**
Ds. Lourens du Plessis 083 259 9551

**VOORS DIAK**
Herman van Heerden
082 604 3352

**OUDL. SKRIBA**
Tommie Venter
083 653 4339

**ORRELIS**
Ansie Wichmann
072 605 8675

**SONDAGKOSTER**
Riaan Reinecke
079 903 3930

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE by die kantoor**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**EREDIENSTYE**
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681

**PARKERING**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**DIAKENS**
Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**KERKKAS**
Snap here to pay
SnapScan